



PRODUKSIE NOTAS

kykNET Films bied 'n Brittle Star Pictures-produksie in samewerking met die Departement van Handel en
Nywerheid aan

'n Matthys Boshoff-rolprent

DIE VERHAAL VAN RACHELTJIE DE BEER

Regisseur

MATTHYS BOSHOFF

Met

STIAN BAM

ANTOINETTE LOUW

MARIUS WEYERS

SANDRA PRINSLOO

ZONIKA DE VRIES

SEPUTLA SEBOGODI

CHARLIE BOUGUENON

BEÁTE OPPERMAN

JOHANNES JORDAAN

MARLI DE JAGER

Uitvoerende vervaardigers

JAN DU PLESSIS

KAREN MEIRING

Mede-uitvoerende vervaardigers

KAY ANN WILLIAMS

NICOLA VAN NIEKERK

Assosiaat-vervaardigers

ANNEKE VILLET

WICUS DU TOIT

Vervaardiger

Johan Kruger

Draaiboek

BRETT MICHAEL INNES

MATTHYS BOSHOFF

Gegronde op die roman *Die Verhaal van Racheltjie de Beer*

deur Brett Michael Innes

Regisseur van Fotografie

WILLIE NEL

Land van Produksie: Suid-Afrika

Jaar van Produksie: 2019

Taal: Afrikaans met Engelse onderskrifte

Klassifikasie: Sal bevestig word

Medianavrae:

david alex wilson

Mad Moth Communications

Sel: +27 83 629 2587

e-pos: davidalex@madmoth.co.za

SINOPSIS

Vyf jaar na hulle ma, Marie, se dood bevind die De Beer-kindere, die 12-jarige Racheljtjie en die vyfjarige Jamie, hulself op pad na die Goudvelde van die Witwatersrand saam met hul pa, Herman, wat 'n nuwe lewe daar wil begin.

Tydens die trek tel hulle probleme met die ossewa op en die De Beer-gezin kry verblyf op 'n afgeleë plaas in die bergagtige Oos-Vrystaat waar George en Jacoba Lundt en hul dogter Sara woon. Die eerste koue front is op pad en George waarsku Herman dat hulle op die plaas sal moet aanbly totdat die sneeu opklaar voordat hulle weer die pad na die Goudvelde toe kan aandurf.

In ruil vir verblyf en kos help Herman om die vervalte klipkraal te herstel. Die De Beers pas goed aan by die lewe op die plaas maar Racheljtjie kan net nie vergeet dat Goeie Vrydag, die gedenktag van hulle ma se dood, nader kom nie.

Goeie Vrydag daag op en later daardie aand sluip Racheljtjie en Jamie uit die huis uit om hul ma se lewe en dood saam met Sara te gedenk. Herman, wat gekant is teen die herdenking van Marie se dood, betrap hulle op heterdaad en tydens sy uitbarsting besluit hy om summier weer die pad te vat.

Die volgende oggend, terwyl Herman gereed maak om die plaas te verlaat, besef hulle dat Jamie se troetelkalfie weg is. Herman los die kindere in die huis terwyl hy die wa herstel, maar onheilspellende stormwolke en 'n verwoede wind steek op oor die plaas en hy het geen ander keuse as om sy waansinnige missie te laat vaar nie.

Herman keer terug na die huis net toe Racheljtjie agterkom dat Jamie uitgeglim het om die kalfie te gaan soek. Die son het reeds gesak en 'n soekgeselskap word uitgestuur terwyl Racheljtjie by die huis moet bly.

Terwyl die eerste sneeuvalkies neersif, besef Racheljtjie dat Jamie waarskynlik na die mierneste gegaan het waar hulle vroeër die week die kalfie gevind het. Omdat sy niemand van haar plan kan vertel nie en die storm al hoe sterker woed, neem sy 'n lantern en durf die wind en sneeu aan om haar boetie te gaan haal.

Racheljtjie kry hom by die mierneste maar die swaar sneeu en donkerte maak dit onmoontlik vir die twee kindere om hul pad terug te vind huis toe. Sy kom te staan voor 'n moeilike keuse: moet sy een van hulle se lewens red of moet hulle saam sterf. Racheljtjie neem die dapper besluit wat van haar 'n heldin gemaak het.

Die volgende oggend kom Herman op Racheljtjie se gevriesde, naakte lyk af voor die ingang van een van die miershope. Hy trek haar dooie liggaam teenaan sy bors vas en vind Jamie, snoesig toegedraai in Racheljtjie se warm klere, binne-in die miershoop – veilig en lewendig te danke aan sy sustertjie se opoffering.

REGISSEUR SE VRYSTELLING

Die Suid-Afrikaanse wildernis gedurende die 1800's. Vyf jaar na hulle ma se dood reis Racheltjie – wat op die drumpel van adolessensie staan – en haar vyfjarige broer, Jamie, saam met hulle pa na die Goudvelde van die Hoëveld om 'n nuwe lewe te begin. Toe Jamie in 'n frats sneeustorm wegraak, durf Racheltjie die storm aan om haar broertjie te gaan soek.

Dit was vir my 'n groot verantwoordelikheid en eer om hierdie geliefde volksvertelling van Racheltjie de Beer vir die rolprentskerm aan te pas. Hierdie storie lê baie Suid-Afrikaners oor verskillende kulture heen na aan die hart en het op my as kind, 'n groot indruk gemaak. Die treffende beeld van 'n jong dogter wat in 'n sneeustorm gedurende die nag verdwaal met 'n hulpelose kind in haar arms en wat dan die hoogste offer uit liefde bring, het my verbeelding aangegryp maar my ook met vrees en bewondering gevul. Hierdie persoonlike verbintenis met die storie was my vertrekpunt toe ek die rolprent begin maak het, 'n prent wat wissel van dreigende gevaar na dapperheid en liefde.

Daar is al baie gedebatteer oor hoe waar die storie van Racheltjie de Beer is. Het Eugene Marais in die vroeë 1920's die waarheid of fiksie neergepen? As 'n narratiewe rolprentmaker wat veral belangstel in die dramatiese kunsvorm, bly ek onpartydig in hierdie debat en verkies ek om op die waarheid in die storie te fokus en ondersoek in te stel na dit wat die storie vir ons oor die menslike natuur, spiritualiteit, gesinsdinamika, verlies, vergifnis en 'n nuwe begin leer.

Hierdie spanning tussen die waarheid en fiksie bied aan ons die geleentheid om met 'n nuwe blik na Racheltjie se storie te kyk, op 'n manier wat aanklank by haar lojale volgelinge sal vind asook by jonger, eietydse gehore en diegene wat nie haar storie ken nie.

Ons kinematiese benadering anker die rolprent in die harde werklikheid: 'n werklikheid om met jong kinders deur die manjifieke dog ruwe Suid-Afrikaanse wildernis gedurende die 1800's te trek; ons kyk na hoe dit was om op 'n afgesonderde plaas te woon; en die afgryse om in sneeustorm gedurende die nag te verdwaal sonder die nodige klere om jou warm hou. Maar die rolprent is geïnspireer deur sprokies en mites met hul unieke kleurpalet, styl en musiek, asook die geheimsinnige kwaliteite wat aan plante, diere en natuurkragte toegeskryf word. Ons het van die broeiende storm 'n karakter gemaak, dit 'n persoonlikheid gegee en sodoende die lyne tussen die fisiese en metafisiese laat vervaag om waarheid en poësie bymekaar te bring in 'n pragtige sinergie wat aan die prent 'n tydlose gehalte gee.

Bo en behalwe die temas van mens versus die natuur en opoffering en liefde wat hierdie volksverhaal deurspek, ondersoek die rolprentverwerking die grootwordjare van 'n dogter wat op die drumpel van adolessensie staan en sonder 'n ma grootword, hoe sy vasgevang is tussen kindwees maar tog 'n volwassene vir haar broertjie moet wees. Haar eie oorgang na vrouwees vind plaas tydens 'n storm omdat die pa van die gebroke huishouding nie in staat is om vrede met die dood van sy vrou te maak nie.

Ek hoop dat hierdie avontuur-drama wat die skoonheid en krag van die natuur ontgin, die gehore se asem sal wegslaan en dat die vasberadenheid van 'n jong meisie wat die dood in die gesig staar, hulle hartsnare sal roer. Hopelik sal dit hulle laat besin oor hulle eie verhoudings met die mense naaste aan hulle hart.

1. Wat weet ons van die oorsprong van Racheltjie se storie?

Daar bestaan twee teorieë oor die storie se oorsprong. Die een is dat dit 'n ware verhaal is wat in 1843 aan die einde van die Groot Trek plaasgevind het. Daar is heelwat getroue aanhangers van hierdie teorie wat jou selfs na die plek waar hulle glo Racheltjie begrawe is, sal neem.

Die ander teorie voer aan dat Eugene Marais se denkbeldige storie – wat in die vroeë 1920's geskryf is – deur 'n eietydse, gepubliseerde weergawe van Hazel Milner, 'n meisie in Amerika wat twee van haar jonger sibbe in 'n sneestorm gered het deur haar eie lewe op te offer, geïnspireer is. Eugene Marais het die storie van Racheltjie de Beer in 'n na-oorlogse Suid-Afrika geskryf toe die Afrikaners helde nodig gehad het om hulle te bemoedig.

As 'n filmmaker en regisseur pla dit my nie juis of die storie waar is of nie – ek stel baie meer in die universele menslike waarhede van Racheltjie se storie belang. Soos Piet Roodt, eertydse professor in Afrikaanse letterkunde aan die Universiteit van Pretoria, een keer vir my gesê het: “Met 'n storie lieg jy die waarheid”. Ek stel meer belang in wat die storie oor ons as mense, ons aard en kultuur sê?

2. Hoekom is Racheltjie se storie so 'n blywende storie? Watter temas word ontgin?

In hierdie storie is daar twee kragte wat saamwerk om ons verbeelding aan te gryp, naamlik vrees en liefde. Heelwat temas word ontgin: ons eie vrees vir die dood; die vrees om aan die natuur se wrede elemente oorgelaat te word; die vrees om te verdwaal, om alleen, gestrand en hulpeloos te wees; die afgryse om vir iemand anders se oorlewing, teen alle waarskynlikheid in, verantwoordelik te wees; en dan die dapperheid wat dit neem om daardie vrees met liefde te oorwin, om jou lewe vir iemand vir wie jy lief is te gee en uiteindelik hoe die dood geboorte aan die lewe gee.

Bo en behalwe die temas van opoffering, dapperheid en liefde wat opmerklik in volksverhale is, probeer ons om 'n storie te vertel van 'n dogter wat adolessensie nader, wat sonder 'n ma grootword en haar moederlike plig teenoor haar broertjie moet vervul. Ons probeer om die spanning tussen haar kinderjare en die treë na volwassenheid wat sy nou moet neem, te navigeer. Al die karakters in die storie ondergaan een of ander vorm van verandering en gaan deur sy of haar eie persoonlike ontwikkeling. Selfs die landskap verander van 'n groen somer, na 'n bruin, geel en rooi herfs en uiteindelik na 'n wit, sneeubedekte woesteny.

Die rolprent open met 'n wond. 'n Jong meisie hou haar pa van veraf dop terwyl hy haar oorlede ma begrawe. Die res van die rolprent ondersoek hoofsaaklik hierdie gesin se hantering van die wond – hulle probeer dit toesmeer, ignoreer en om hulle aandag op ander dinge te vestig. Dit hou egter aan sweer en dwing elke lid van die gesin om die wond te konfronteer en deur die proses van genesing te gaan. Ons verken ook ons verhoudings met geliefdes wat reeds oorlede is. Hoe onthou ons hulle en eer hulle nagedagtenis? Hoe maak ons vrede met die dood en leer ons om te laat gaan? Wat is die gevolge as ons die dood nie kan laat gaan nie?

3. Hoe het julle die oorvertel van die storie benader om die storie toeganklik te maak vir 'n postmilleniër-gehoor?

Die eerste en breë benadering was om tydlose, universele temas te gebruik sodat 'n meer moderne gehoor aanklank daarby kan vind. Gesinsdinamika, verlies, 'n nuwe begin, bitterheid, avontuur, oorlewing en uiteindelik liefde kom onder die loep.

Ons uitbeelding van Racheltjie was op die ou end ons sterkste lokaas vir 'n postmilleniër-gehoor. Buiten haar grootwordervaring waarmee bykans almal (veral jong vroue) kan vereenselwig, is haar karakter gevorm ooreenkomstig die beeld van moderne vroueleiers wat ons kan bewonder: 'n vroulike, sterk, eiesinnige en onafhanklike jong vrou met doelgerigtheid.

Hoewel ons sterk steun op die historiese tydperk se taal, gebruik die rolprent die visuele taal van sprokies en mites in sy kleurpalet, musiek, garderobe, stiling, klank en die inbring van geheimsinnige elemente in die natuur, plante, diere en die broeiende storm. Alles saam gee aan die rolprent 'n tydlose kwaliteit.

4. Wie sal die moderne eweknieë van Racheltjie wees?

Dit is 'n moeilike vraag om te beantwoord, maar ek sal sê heelwat jong meisies wat wêreldwyd in enkelouerhuishoudings of huishoudings met slegs kinders grootword; die jong meisies wat die rol van ma vir hulle broers en susters moet speel. Kinders wat vasgevang is tussen hulle eie kindwees en uit noodsaaklikheid die grootmenswêreld moet aandurf. Net in Suid-Afrika is daar duisende jong meisies wat hulle jonger broers en susters versorg en grootmaak. Soos die uitbeelding van Racheltjie in ons rolprent, is hulle opofferings nie beperk tot een heldedaad nie, maar word dit 'n leefstyl: 'n konstante stryd om te oorleef terwyl die storm van benadeelde sosio-ekonomiese omstandighede om jou woed.

5. Waar het julle die rolprent geskiet en waarom het hulle dit daar geskiet?

Die opnames moes op twee plekke geskiet word: die reis na die plaas en die De Beer-gesin se tyd op die plaas.

Vir die reis wou ons die klein gesinnetjie, die pa en sy twee kinders wat met 'n lendelam ossewa deur 'n harde en meedoënlose landskap met die indrukwekkende Drakensberge in die agtergrond trek, uitbeeld. 'n Epiese landskap wat wys hoe klein en onbelangrik ons werklik is. Wat is ons kans teen die onverbiddelike natuurkragte? Ons het van die Drakensberg se mees ikoniese pieke gebruik om die epiese aard van hulle reis uit te beeld. Ons het egter nie die skoonheid van die berge geromantiseer nie, maar dit eerder op so 'n manier gebruik dat dit die gekheid, vasberadenheid en ongelooflike wil en aanpasbaarheid wat dit neem om so 'n reis deur hierdie verraderlike landskap met 'n ossewa aan te pak, weerspieël. Een van ons gunstelingverfilmingsplekke, 'n gesplete rots, het ons na weke se soek opgespoor. Sonder om te veel weg te gee, wil ek net sê dat hierdie eivormige maar kolossale rots in die middel deur verdeel het en 'n gaping het wat wyd genoeg is sodat 'n mens daardeur kan loop. Dit troon 'n goeie 30 plus meter bo die grond uit en is so indrukwekkend dat dit jou asem wegslaan.

Ons het regte die plaas opgespoor na duisende kilometers se grondpad en baie verflenterde bande. Die meeste van die ou huise wat ons gesien het, is so te sê heeltemal deur brande gedurende die Boere-oolog van 1899 vernietig (Suid-Afrikaanse Oorlog) of in so 'n mate beskadig en weer opgeknop dat hulle nie meer aan die tydperk gekoppel kon word nie.

Die Storie van Racheltjie de Beer lees soos 'n sprokie en ons wou 'n plaashuis hê wat die harde werklikheid om in die 1800's op 'n afgeleë, afgesonderde plaas omring met eindelose berge te woon weerspieël – maar ook een met poëtiese kwaliteite wat die storie waardig is. Die plaas Tierhoek het aan al ons vereistes voldoen. Dit is geleë in 'n vallei omring deur berge met 'n plaashuis en buitegebou wat in die 1870's opgerig is. Die klipwerk is onbeskadig en daar is bittermin moderne elemente op die plaaswerf – geen telefoon- of elektrisiteitsdrade nie. Die huis is nog in sy oorspronklike toestand (gee opknappingswerk is gedoen nie) en het 'n “ou siel” met mos wat teen die oorspronklike mure groei en swart brandmerke as gevolg van die oorlog. Die egtheid van die huis het 'n eerlike, dog dromerige, tasbare kwaliteit aan die skote verleen wat 'n mens nie op 'n spesiaal opgerigte stel sou kry nie. Die akteurs kon hierdie egtheid van die huis gebruik omdat dit hulle letterlik terug in tyd geneem het.

6. Die storie het omvattende visuele effekte. Bespreek die omvang daarvan.

Ons gebruik meer as 220 visuele effekte-skote in hierdie prent en ek dink dit is 'n eerste vir 'n plaaslike rolprent – wat sonder enige groot internasionale deelname gemaak is. Visuele effekte sluit in om besonderhede aan te vul of uit te “verf” en jy dit kan gebruik om elemente by die beeld en storie te voeg: van 'n luiperd tot sebras in die sneeu, 'n bobbejaan, die skoon hemelruim kan met 'n broeiende storm vervang word, die omgewing kan opgehelder word, nog lae berge kan bygevoeg word, die landskap kan met sneeu bedek word en 'n man se vingers kan geamputeer word.

Ons wou die storm in 'n karakter omskep en dit 'n persoonlikheid gee. Ons het dus nie 'n skoon hemelruim bloot met bestaande beelde van wolke vervang nie maar eerder ons eie wolkstelsel gebou wat ons kon manipuleer en beweeg soos wat ons wou. Op dié manier kon ons aan die storm 'n persoonlikheid gee, dit donker maak wanneer nodig, dit vinniger laat beweeg, draaikolke inwerk, dit ligter maak met weerlig, ensovoorts. 'n Mens kan amper emosies in die beweging van die wolke lees.

Ons benadering was om te alle tye in-kamera-effekte met visuele effekte te kombineer. Groot windmasjiene het stof opgeskop, rommel rondgewaai en “vals” sneeu deur die raam geblaas. 'n Papiergebaseerde produk wat soos sneeu lyk is in die voorgrond van wye landskapskote gestrooi terwyl die visuele effekte sorg dat die agtergrond in sneeu bedek is.

7. Vertel ons meer van jou kinematiese stylkeuses.

Om die epies-emosionele en visuele aard van die storie te akkommodeer, het ons 'n kinematiese styl gebruik wat vir 'n grootskermervaring aangepas is. Die film het 'n intieme dog epiese gehalte: van die klankontwerp, produksieontwerp, musiek en kamerawerk tot die emosionele reis van die karakters en die gehoor. Die dramatiese transformasie van die landskap van laatsomer tot 'n sneeubedekte winter. Temas van lewe en dood, verlies, dapperheid, opoffering, volwassewording en liefde. Dit is belangrike ervarings en emosies.

Die storie speel af voordat daar elektrisiteit was en om getrou aan die tydperk te bly, wou ons die beligting so natuurlik moontlik hou. Ons het wel kunsmatige lig gebruik, maar dit is subtiel gedoen en trek nie die aandag van die kersverligte interieurs van die tydperk af nie. Om ons verder te inspireer, het ons na tydperkrolprente soos *There will be Blood* gekyk en skilderye deur Turner, Vermeer en ander Nederlandse meesters bestudeer. Na my mening lyk baie van die rame in die prent soos skilderye.

Omdat tegnologie so verskriklik vinnig gevorder het, is die Sony Venice-kamera wat ons gebruik het geweldig ligsensitief, maar dit het die kinematograaf, Willie Nel, toegelaat om baie van die interieurs hoofsaaklik met kerse, olielampe en kaggellig te belig. Die beligting is strategies geplaas en gebruik. Ons het selfs ou rolprentligte geneem, die gloeilampe uitgehaal en dit met kerse vervang, wat ons in staat gestel het om kerse as rolprentligte te gebruik. Ons het dus die ligte met lense gefokus en die aandag daarop gevestig terwyl dit al die natuurlike kenmerke van regte vlamme het. Dit het 'n egte en intieme atmosfeer geskep waarin die akteurs kon werk en het daartoe gelei dat Sandra Prinsloo gesê het dit voel nie asof sy op 'n rolprentstel is nie maar asof sy na 'n droomwêreld weggevoer is. Ek glo dat dit die akteurs ook gehelp het omdat hulle asem die kerse kon beïnvloed en die kerse se geflikker weer in 'n toneel op 'n ander akteur se gesig gesien kan word. Dit het 'n wonderlike sinergie geskep tussen toneelspel, emosie en die tegniese vernuf om 'n rolprent te maak, waar die een ding op 'n baie organiese wyse 'n ander ding beïnvloed. In van die tonele, veral die toneel tydens die storm, moes die akteurs hulleself met die lanterns wat hulle vasgehou het, belig. Die sensitiwiteit van die kamera het dit weer moontlik gemaak om werklike vlamme te gebruik wat in die wind geflikker het teenoor LED-ligte met 'n voorafgestelde flikkerfunksie. Dit is 'n dramatiese rolprent en ons wou 'n sterk kontras skep wat die karakters se reise en gemoedstoestand uitlig.

Ons was van die begin af vasbeslote om nie die monotonale voorkoms en kleurpalet wat met tydperkrolprente geassosieer word te gebruik nie, maar om 'n voorkoms en kleurpalet wat met die wêreld van sprokies en die mitologie vereenselwig word, uit te beeld. Terwyl ek na 'n sentrale metafoor vir die rolprent gesoek het, het ek een dag besef dat prent in sy geheel oor heling gaan. En voordat heling kan plaasvind, moet daar 'n wond wees. Ek het die prent met 'n ou wond of seerplek wat besig is om gesond te word, vergelyk. En met behulp van hierdie metafoor het ek en die produksie-ontwerper, Chantel Carter, 'n kleurpalet geskep uit skakerings van groen, titsels geel en pers, soos 'n wond wat besig is om gesond te word. Die blou lug en blou garderobe vir Jamie stel 'n hoopvolle toekoms voor. Dit word vasgevang met aardse bruine en roes- en eivrugkleure wat ons in die veld en rotse op die plaas gesien het. Ek en ons koloris (en redigeerder) Warwick Allan het saam na skilderye van Pierneef gekyk vir verdere inspirasie. Tot ons groot vreugde het Pierneef mildelik gebruik gemaak van groene, perse en roesbruinkleure. Hierdie kleure, in kombinasie met die visuele effekte, werk saam om die taal van sprokies en mitologie te versterk, wat aan die rolprent 'n fabelagtige of droomkwaliteit verleen.

8. Vertel ons meer oor die rolverdeling en julle keuses.

'n Rolprent se sukses hang baie van die kinderaktors, wat Racheltjie en Jamie, speel af. Ons het ons nette ver en wyd gespan en honderde kinders vir hierdie rolle oorweeg.

Zonika de Vries as Racheltjie: Ons het van die begin af geweet dat ons nie "oulike kindertjies wat in die veld rondhardloop" wil gebruik nie maar 'n tawwe 12- tot 13-jarige dogter met 'n skerp kant, iemand met 'n sterk karakter en leiereienskappe en 'n onafhanklike en 'n sterk mening, wou hê. Sy moes die spanning van Racheltjie se reis kon vasvang: naamlik 'n kind wat soos 'n volwassene moes leef. Alles omtrent Zonika het die teenstrydighede van Racheltjie se karakter weerspieël – haar stappie wat die selfvertroue van 'n onafhanklike moderne vrou uitbeeld en hoewel sy soos 'n dertienjarige lyk, sien 'n mens in haar oë die intellek van 'n volwassene. Sy is modern en vroulik, maar so taai soos 'n ratel (sy hou daarvan om afdraend

met haar skaatsplank te ry, om met veldmotorfietse te ry en met messe te speel) en het 'n ongelooflike emosionele intelligensie en empatie met ander. Sy is pragtig en sterk. Haar toneelspel is boonop gelykstaande aan van die beste volwasse akteurs s'n. Sy kan met 'n enkele kyk ongelooflik baie oordra en haar spel is opreg en eerlik. Ek het in geen stadium gevoel asof ek na iemand kyk wat voorgee om iemand anders te wees nie – dit was asof ek na Racheltjie in vlees en bloed kyk.

Johannes Jordaan as Jamie: Om 'n vyfjarige seuntjie vir die rol te vind wat twee bladsye dialoog in een slag kan lewer en terselfdertyd eerlik en geloofbaar klink (nie kunsmatig of ingeoefen nie), wat liefderik, avontuurlustig en spontaan is, is nie 'n maklike taak nie. Ons het iemand gesoek op wie die gehore dadelik verlief sal raak. Johannes Jordaan het alles en nog meer gebied. Hoewel ons mekaar nog nooit ontmoet het nie, het hy tydens ons eerste ontmoeting spontaan na my gehardloop, my 'n drukkie gegee en begin gesels. Dit dui op sy ongelooflike intelligensie, sin vir avontuur en nuuskierigheid. Sy blonde boskasie, blou oë en engelagtige gesiggie is interessant en herinner my aan Robert Redford in die lyf van 'n kind. Ek het geweet dat die gehore dadelik van hom sal hou en dat hy hulle saam met hom op sy reis deur die storm sal neem.

Stian Bam as Herman de Beer: Herman is 'n baie moeilike karakter om te vertolk. In die draaiboek is hy nogal 'n eendimensionele "toornige pa". Stian het daarin geslaag om drie dimensies na sy karakter te bring deur 'n gekwete en gefolterde man te speel met wie die gehore simpatie het ten spyte van sy hardvotigheid. Sy woorde kan hard wees, maar sy oë kommunikeer groot insig, begrip en omgee vir sy dogter. Stian is ook een van baie min akteurs wat deur middel van sy liggaamstaal en houding kan kommunikeer. Dit laat ruimte vir kinematiese skote wat die omvang van die landskap kan vertoon sonder om op nader skote staat te maak om emosie te vas te vang. Sy spel is genuanseerd en weerspieël die emosies van 'n man wat worstel met die lewe: hy weet nie hoe om vrede met sy pynlike verlede te maak nie en hy is nie in staat is om sy jong dogter te ondersteun wat besig is om 'n vrou te word nie.

Antoinette Louw as Sara Lundt: Ons wou nie die tydperk romantiseer nie maar eerder die harde werklikhede om op 'n afgeleë plaas in die ruwe Oos-Vrystaat in die 1800's te woon, wys. In hierdie konteks is Sara Lundt 'n opgevoede, onafhanklike vrou wat statigheid en styl na die plaas bring, ten spyte van haar eie stryd as ongetroude, enkelopende vrou wat haar siek ma moet oppas. Antoinette Louw is 'n sterk aktrise met statigheid en styl en sy het 'n gespanne kwaliteit na die skerm bring wat die werklikhede van daardie tyd kommunikeer. Onder haar sagte voorkoms skuil 'n sterk en vreeslose vrou. As 'n enkel-, kinderlose vrou ontdek Antoinette 'n warmte in haarself vir Sara wat dit vir haar moontlik gemaak het om as mentor vir Racheltjie op te tree.

Marius Weyers as George Lundt: Marius Weyers verbreek alle holrug geryde idees en menings wat ons van 'n Afrikanerboer van daardie tyd kon hê. Hy het regtig elke idee wat algemeen met Afrikanerboere geassosieer word geneem in dit in 'n driedimensionele karakter ondermyn. Sy oë getuig van 'n leeftyd wat hy in die genade van die natuur met haar oorfloed van seëninge en uitdagings geleef het. Van die staanspoor af speel hy die karakter en nie die tipe nie. Sy verpersoonliking van die karakter herinner my aan die ouer karakters wat ons in sprokies en mites teëkom. Sy spel is bedoord maar hy straal 'n sterk teenwoordigheid, gesag en *gravitas* uit.

Sandra Prinsloo as Jacoba Lundt: Ons het 'n aktrise gesoek wat die harde werklikheid van 'n vrou wat aan demensie ly, kon vertolk sonder om dit te swaar aan te bied. Sandra het al soortgelyke karakters in die teater gespeel en baie navorsing daarvoor gedoen en sy het groot begrip vir haar karakter se toestand. Sy beskik ook oor 'n wonderlike ligte aanslag en haar tydsberekening vir tragiese humor is in die kol. Jacoba

praat nie baie nie en Sandra se vermoë om met haar oë, lyf en hande te kommunikeer, gee lewe aan die karakter. Dit lyk dikwels of sy gedistansieerd is, nie daar is nie, maar wanneer 'n mens dit die minste verwag, gee Sandra die kyker 'n goddelike oomblik van helderheid en 'n vlugtige blik op die vrou wat Jacoba eens was.

Seputla Sebogodi as Lazarus: Dit is ook nie 'n maklike rol nie omdat Lazarus nie veel sê nie, maar soos die karakter Chief in *One Flew Over the Cuckoo's Nest*, is hy die stil waarnemer en die spreker van die waarheid. Seputla is 'n ervare akteur met hope persoonlikheid en sy oë sê alles wat sy woorde nie sê nie – sodoende bring hy groot diepte en intensiteit na die karakter.

Charlie Bouguenon as Kingsley: Charlie het die talent van 'n avontuurlustige wêreldreisiger, 'n man wat altyd aan die beweeg is, wat sjarmant, snaaks en charismaties is. Presies die teenoorgestelde van Herman. 'n Perfekte Britse aksent en goeie Afrikaans was 'n noodsaaklike voorvereiste vir die rol en Charlie se vermoë om 'n man te speel wat sy ware gevoelens deurgaans wegsteek, het hom ideaal vir die rol gemaak.

Beaté Opperman as Marie de Beer: Hoewel dit 'n klein rolletjie met min kameratyd is, is dit 'n belangrike rol vir die storie. Beaté se vermoë om haar werklike omgee en liefde sonder woorde maar met 'n eenvoudige knip van die oog te kommunikeer, het haar die perfekte aktrise vir die rol gemaak. Ek wil nie te veel weggee nie, maar wanneer 'n mens uiteindelik haar gesig sien, weerspreek sy hoofsaaklik met genuanseerde gesiguitdrukkings, alles wat die gehoor oor die karakter Marie de Beer gehoor en geglo het.

Marli de Jager as klein Racheljtjie: Marli is 'n dinamiese jong aktrise met 'n groot toekoms. Sy verstaan vertolking op 'n diep vlak en neem inisiatief om in die karakter se vel te klim. Haar vermoë om oorweldigende emosies te onderdruk, is ongelooflik en haar vertolking van 'n sensitiewe dog sterk kind het die weg berei vir die 12-jarige Racheljtjie.

9. Gee vir ons 'n kort beskrywing van die hoofkarakter en elkeen se bydrae tot die storie.

Sien asseblief die antwoorde hier bo oor die rolverdeling. Dit gee heelwat insig oor die karakters.

Racheljtjie de Beer: Die rolprent is die volwassewordingstorie van 'n 12-jarige meisie wat vasgevang is tussen kindwees en volwassenheid omdat sy haar vyfjarige broertjie moet versorg. Racheljtjie se reis van volwassewording word afgesluit met haar dapper keuse om haar lewe vir haar broertjie op te offer. Hierdie reis, asook haar begeerte om haar oorlede ma te onthou en te gedenk – ten spyte van haar pa se besware – is die hoofintrige van die rolprent

Jamie de Beer: Hy word in 'n enkelouerhuishouding groot en dit is Racheljtjie se taak om haar kleinboet, Jamie, te versorg. Jamie is die enigste skakel wat Racheljtjie nog met haar ma het. Dit, en haar groot liefde vir en verantwoordelikheid teenoor Jamie, bring mee dat toe Jamie in 'n sneeustorm wegraak, sy alles sal opoffer om hom te vind en te red. Dit lei tot die klimaks van die storie. Jamie was maar 'n baba toe sy ma oorlede is. Sy laat 'n groot gaping in sy lewe, maar omdat hy haar nooit geken het nie, mis hy haar nie of ervaar hy nie dieselfde pyn of hartseer wat Racheljtjie saam met haar dra nie. Jamie verteenwoordig onskuld en simboliseer hoop en 'n nuwe begin.

Herman de Beer: Die sentrale dilemma van die rolprent en die tema van ons houding en gevoelens teenoor diegene wat reeds dood is, word in die openingstonele duidelik toe Herman sy vrou sonder seremonie, 'n seënswens of selfs 'n merker vir haar graf begrawe. Herman se besluit om weg te trek na die goudvelde is 'n poging om enige herinneringe aan sy oorlede vrou uit te wis en gee momentum aan die storie. Sy wens om haar dood en sy pyn te alles koste te vermy, is die rede waarom hy en Racheltjie op konflik afstuur wat hulle gesin se noodlot vir altyd sal verander.

Sara Lundt: Sara is 'n sterk, onafhanklike vrou met 'n gebroke hart. Sy is 'n mentorfiguur vir Racheltjie en haar teenwoordigheid begin om Herman se hart te vermuwwe, maar toe sy vir Racheltjie help om Marie se lewe te gedenk, beskou Herman dit as verraad, wat die konflik in die storie in 'n nuwe koers stuur.

George Lundt: George het al baie voorspoed en teëspoed in sy lewe beleef en hy verstaan verlies, vreugde en hartseer en dat mense opnuut wil begin. Die harde lewe as 'n boer wat aan die genade van die natuur en haar siklusse en seisoene oorgelewer is, het hom in 'n stabiele, konsekwente en betroubare man van statur, integriteit en wysheid so onbeweeglik soos die berge wat sy plaas omring, laat ontwikkel. Die manier waarop hy na sy siek vrou omsien, versterk die temas van opoffering in die storie.

Jacoba Lundt: George se vrou en Sara se ma. Sy ly aan gevorderde demensie wat haar dikwels soos 'n kind laat optree. Hierdie trotse, bejaarde vrou wat toenemend kinderlik word, vertoon 'n sterk ooreenkoms en omgekeerde karaktereis met Racheltjie se konflik wanneer sy die oorgang van kindwees na volwassenheid moet maak. Die gevolge van demensie, soos Jacoba wat haar dogter se naam vergeet, is ook die katalisator wat Racheltjie laat praat oor die feit dat sy haar ma en hoe sy gelyk het, begin vergeet. Dit is ook die rede waarom Sara besluit om eerder op die plaas as in die dorp te bly.

Lazarus: Soortgelyk aan die rol van Chieff in *One Flew over the Cuckoo's Nest* is Lazarus se karakter die van 'n stil waartnemer wat uiteindelik die spreker van die waarheid word. Hy is die spreekwoordelike gewonde soldaat wat terugkom vir nog 'n verlossingsdaad. Soos in die tradisies in stories, waar karakters voor 'n groter mag as hulleself te staan kom, hetsy natuurkragte, diere (soos 'n haai) of bonatuurlike magte, het Lazarus hierdie mag of "monster" reeds getrotseer en dit oorleef, maar hy dra die littekens daarvan saam as 'n waarskuwing aan ander karakters. As 'n jong seun het hy ook in 'n sneeustorm verdwaal wat die lewens van sy ouers geëis het en hom vir die res van die lewe geskend het. Omdat hy die monster (sneeu en koue) aangedurf en dit oorwin het, is Lazarus 'n voortdurende herinnering aan en waarskuwing teen die geweld van die dreigende storm en sy moontlike gevolge.

Kingsley: 'n avontuurlustige wêreldreisiger met 'n onvermoë om homself aan iets of iemand te verbind. Hy het die behoefte om altyd aan die beweeg te bly. Hy was aan Sara verloof, maar het die verlowing verbreek. Net toe die De Beer-gesin hul op die plaas begin tuismaak en dit lyk asof Herman sy skanse laat sak en oor sy pyn begin praat, daag Kingsley op en krap alles om. Sy terugkeer dwing Sara om weer haar lewe in oënskou te neem en om belangrike besluite te neem wat van haar 'n sterker mens maak.

Marie de Beer: Marie se dood bring die storie in beweging en is die katalisator vir die sentrale konflik, naamlik Herman wat haar probeer vergeet en Racheltjie wat haar wil onthou. Racheltjie kry ontstellende besoeke van Marie in haar drome maar kan nooit haar gesig sien nie.

Die Storm: Die storm word in die rolprent as 'n karakter aangebied en is 'n metafoor van die afgestorwe Marie. Soos wat die herinneringe aan Marie in die agtergrond huiwer, net so talm die storm altyd op die periferie – asof dit die De Beer-gesin agtervolg op hulle reis. Wanneer Herman Marie se herdenking

ruïneer en die waarheid oor haar dood aan die kinders vertel, breek dit Racheltjie se hart – en terselfdertyd beweeg die storm oor die plaas in asof dit op die dramatiese gebeure wat pas plaasgevind het, reageer. In 'n sekere sin is Marie die storm. En in die hart van die storm word Racheltjie se wens om haar ma te onthou, vervul.

10. Beskryf die ervaring om Racheltjie te verfilm.

Vir my as 'n rolprentmaker was dit 'n epiese ervaring. Om 'n groot prent met 'n klein begroting te vervaardig, kan vergelyk word met Herman se aanpak van hierdie epiese reis met sy kinders in 'n lendelam ossewa. Terwyl ons die rolprent gemaak het, het dit vir my gevoel of ons as filmmakers baie diep in onself moet delf om die moed bymekaar te skraap om die uitdagings te trotseer, nogal soortgelyk aan wat Racheltjie moes doen toe sy die massiewe storm aangedurf het. Ons kinderakteurs het albei meer as 24 repetisies, nagskote in onvriendelike omstandighede, yskoue nagte terwyl kolossale windmasjiene ons met skuim, stof en rommel bestook, om nie van die dierehanteerders te praat nie, trotseer!

MEER OOR DIE FILMMAKERS

JOHAN KRUGER – Vervaardiger

Johan is sedert 1984 toe hy hom by die SABC aangesluit het, aktief betrokke by rolprent- en televisieproduksies. Die eerste posisie wat hy beklee het, was as assistent-produksierekenmeester by die hoogaangeskrewe reeks, *Shaka Zulu*, wat in KwaZulu-Natal verfilm is.

Tussen 1984 en 2014 was Johan in verskeie hoedanighede betrokke by altesaam 67 plaaslike en internasionale rolprente en ongeveer 48 televisieproduksies, waaronder *Diamonds* (Kanada/VK/SA), *Holby City* (BBC) en *Liefste Kayla* (kykNET).

Johan se vollengterolprentkrediete sluit in: *Winnie* met Jennifer Hudson en Terrence Howard, *Semi-Soet*, *The Perfect Wave* met Scott Eastwood en Cheryl Ladd, *Spud 2: The Madness Continues* en *Sink a.k.a Rachel Weeping*.

MATTHYS BOSHOFF – Regisseur

Matthys se reis as rolprentregisseur het hom sy hand aan 'n verskeidenheid dinge laat waag: die antropologie, bybelse argeologie, bedryfsekonomie en ekonomie, die uitvoerende kunste en draaiboekskryf. Na hy by die rolprentskool afstudeer het, het hy vir vier jaar in die kunsdepartemente van internasionale rolprente gewerk en toe 'n filmmakeropleidingsperiode by die International Film and Television Workshops in Amerika voltooi. Hy het al avonture in uiteenlopende plekke soos Afghanistan, Patagonië en Uganda aangepak en woon tans in die hartjie van Johannesburg. In die plekke wat hy besoek, span hy sy oog in vir skoonheid, toets hy sy aptyt vir risiko, en ontwikkel hy sy sin vir ontdekking en sy waardering vir die mensdom.

In 2010 was Matthys 'n medestigterslid van AIR Films, 'n bekroonde kommersiële produksie maatskappy. In 2016 het hy AIR Films getransformeer om uitsluitlik op vollengteprente en reeksontwikkeling te fokus, terwyl hy steeds as regisseur vir kommersiële veldtogte saam met The Star Film Company gewerk het.

Sy bekroonde kortfilm, *Flesh of my Flesh* is by verskeie Oscar-kwalifiserende filmfeeste regdeur die wêreld vertoon en het in 2018 sy Europese première tydens die International Competition by die gesaghebbende Clermont-Ferrand-kortfilmfees gehad. *Flesh of my Flesh* is ook in 2018 vir 'n Safta as beste kortfilm genomineer. Matthys is tans besig om *Flesh of my Flesh* in 'n vollengterolprent te verwerk, hy ontwikkel 'n historiese reeks met 'n span skrywers en is ook die regisseur van die rolprent, *Racheltjie de Beer*.

BRETT MICHAEL INNES – Medeskrywer

Brett Michael Innes is 'n topverkoperouteur en 'n bekroonde filmmaker wat in Johannesburg, Suid-Afrika, woon. Hy is in 1983 in Johannesburg gebore en studeer aan AFDA – die Suid-Afrikaanse rolprentskool wat reeds baie Oscar-wenners opgelewer het – met 'n merietebeurs van die National Film & Video Foundation (NFVF) van Suid-Afrika.

Hierna maak hy vir drie jaar dokumentêre rolprente saam met verskeie NRO's, wat hom en sy kamera na die uithoeke van Suid-Afrika, asook twee keer na Soedan en op 'n kajak deur die Okavango Delta gestuur het.

In 2012 besluit hy om sy aandag op rolprente en letterkunde toe te spits en sy debuutroman, *The Story of Racheltjie de Beer*, word 'n blitsverkoper in Suid-Afrika. Hy pas dit later vir die grootskerm aan saam met die regisseur, Matthys Boshoff. Die rolprent sal in 2019 in teaters vrygestel word.

Sy skryf- en regisseursdebuut met *Sink* is deur plaaslike resensente geloof as 'n *breakout*-rolprent wat nuwe standaarde vir Suid-Afrikaanse rolprente gestel het. Hy wen dan ook 'n SAFTA as beste rolprent en beste draaiboek. Hy het onlangs sy tweede vollengteprent voltooi, 'n verwerking van die ikoniese roman *Fielas se Kind*, wat op 13 September 2019 landswyd by sal teaters open.

WILLIE NEL – Regisseur van Fotografie

As kind het Willie homself as meer van 'n waarnemer as 'n prater gesien. Hierdie eienskap en sy rebelse aard het hom later by 'n rolprentskool laat beland het, nadat hy besef het dat 'n konvensionele werk glad nie vir hom gaan werk nie! Hy het by die rolprentskool gou besef dat hy sy nis gevind het. Die logistieke aspekte van rolprentmaak en die ingenieursvernuf in so 'n onvoorspelbare bedryf voed sy kreatiewe avontuurlustigheid. Willie beskik oor 'n sterk instink vir storievertel en gebruik dit as riglyn vir elke skoot. Hy is 'n verkleurmannetjie wat die styl wat elke storie nodig het, meesterlik kan skep. Willie verken voortdurend die nuutste digitale formate om te verseker dat hy bybly met die vinnige evolusie van rolprent hulpmiddels en hy verstaan die kompleksiteite van hierdie tegnologie en post-intensiewe werkvloei deeglik. Hy sien die proses om rolprente te maak as die toppunt van kreatiewe uitdrukking en hou daarvan om die wêreld te deurkruis, om evokatiewe rolprente en vernuftige advertensies te maak en om saam met ander kunstenaars aan unieke musiekvideos te werk.

SAFTA 2014 – wenner van beste kinematografie vir 'n vollengterolprent vir *Sleepers Wake*; by die Silwerskermfees in 2017 en SAFTA 2019 – wenner van beste kinematografie vir 'n vollengterolprent vir *Meerkat Maantuig*.

MEER OOR DIE ROLVERDELING

ZONIKA DE VRIES – Racheltjie

Zonika is 'n Graad 8-leerder aan Helpmekaar Kollege. Jakkie Groenewald het haar in 2013 ontdek toe sy in Graad 2 was en sy het haar televisiedebuut in die reeks *Pandjieswinkelstories* gemaak.

In 2014 het Zonika aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskap vir Uitvoerende Kunste deelgeneem en die Junior Algehele Trofee en die Trippeldraadtoekenning (toneelspel, dans en modellering) gewen. Sy neem daarna aan die Wêreld Kampioenskap vir Uitvoerende Kunste in Los Angeles deel waar die baie bekende Stein Entertainment haar nader. As gevolg van haar ouderdom en die afstand na Los Angeles het Zonika hulle aanbod van die hand gewys. Zonika het sewe Algehele Kampioentrofeë in haar ouderdomsgroep 10 en ouer vir klassieke en eietydse toneelspel, hip-hop-dans, jazz-dans, oop dans en modelleringswemklere gewen.

Sy het ook die rol van Ellie Junior in die prent *'n Man soos my Pa* teenoor Sandra Prinsloo, Neels van Jaarsveld, Elma Postma, Greg Kriek, Albert en Viljé Maritz en Deon Lotz vertolk, met Sean Else as regisseur.

Hierna is sy Ivanka in *Sewentig Maal Sewe*, waarin sy teenoor haar broer Zander speel.

In 2016 wen Zonika die Junior Algehele Trofeë vir toneelspel by die SA Kampioenskap vir Uitvoerende Kunste. In dieselfde jaar vertolk sy die rol van Paula in *Dis Koue Kos, Skat* met Anna-Mart van der Merwe, Elsabé Zietsmann, Riaan Visman, Deandré Reyners, Frank Opperman en Deon Lotz en met Ettienne Fourie in die regisseurstoel.

In 2017 speel sy Juanita in *Kampterrein* saam met Louw Venter, Juanita du Plessis, Jurgen Hellberg, Kaz Macfadden, Reine Swart, Ruan Wessels, Josias Moleele en Zhande Mfenyane.

Zonika was ook gedurende 2018 'n aanbieder op *Epic Hangout* (SABC2).

STIAN BAM

Stian Bam is een van Suid-Afrika se talentvolste akteurs en 'n gunsteling by regisseurs Marthinus Basson, Nicola Hanekom, Brink Scholtz, Juanita Swanepoel en Jaco Bouwer. Sy baie teaterkrediete sluit Nicola Hanekom se *Lot en Babbel* en Ingrid Winterbach se *Spyt* (met Brink Scholtz as regisseur) in.

Hy speel ook die hoofrol in die kykNET-reeks *Die Bolandmoorde* en hy speel onder meer in die rolprente *Father's War*, *Uitvlucht*, *Modder en Bloed* en *Die Laaste Tango*.

SEPUTLA SEBOGODI

Sepulta is in 1962 in Lady Selbon gebore. Hy speel saam met Solly Mekgwe, Boikie Mohlamme en die vader van swart teater, Gibson Kente, in *Now is the Time*, wat in 1980 deur die apartheidsregering verban is. Hy is ook in *The Meeting* met John Kani as die regisseur, *Journey Without Words* met Ilse van Hemert as regisseur, *Mooi Street Moves* met Paul Slabolepsy as regisseur en *Big Dada* met regisseur Brad Bailey, waarna hy in 1992 by KRUIK aansluit.

Seputla was in verskeie televisieproduksies te sien: *Lehlasedi, Dawson, Bophelo ke semphego, Mponeng, Isidingo, Scandal, Generations, Zabalaza, Dipoloko, The Imposter 2, Diamond City, The docket, Rhythmic city, Surbaban Bliss* en *The Republic*.

Sy rolprentkrediete sluit in: *The Quarry, Max and Mona, The Long Run, Mr Bones, Drown, Beat the Drum* en *Hearts and Minds*.

ANTOINETTE LOUW

Antoinette behaal haar dramagraad cum laude aan die Universiteit van die Vrystaat. Nadat sy eers oorsee gereis het, kry sy die rol as Inge in *7de Laan*. Sy keer egter terug na haar eerste liefde, die teater en deel die verhoog met groot name soos Sandra Prinsloo, Deon Lotz, Erica Wessels en Zane Meas. In 2014 ontvang sy die SAFTA as beste aktrise in die vollengteprent vir haar rol in Deon Meyer se *Die Laaste Tango* – die hoogste eerbetoon vir rolprenttoneelspel in Suid-Afrika en die eerste vir 'n Afrikaanssprekende. In 2016 kry sy haar eerste vroulike hoofrol in 'n internasionale prent, *An Act of Defiance*, wat op die lewe van Bram Fischer gebaseer is. Vir haar optrede daarin ontvang sy die Beste Aktrise-toekenning by die Cape Town International Film Market & Festival – ook 'n eerste vir 'n Suid-Afrikaanse aktrise. Van 2017 tot 2018 vertolk sy die vroulike hoofrol in die bekroonde SABC2-drama *Swartwater* teenoor Louw Venter, waarvoor sy 'n ATKV-woordveertjietoekenning as beste aktrise (2018) wen.

SANDRA PRINSLOO

Alhoewel Sandra se akteursloopbaan hoofsaaklik op die verhoog fokus, het sy ook in agt rolprente en 'n menigte televisiereekse en -produksies gespeel.

Sy vertolk onder andere die vroulike hoofrol in *Tigers don't Cry* teenoor Anthony Quinn en dan was sy natuurlik in die onvergeetlike *The God's must be Crazy*, wat internasionaal groot sukses behaal het.

Haar wye betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf is deur die Blue Fountain Club van Soweto erken wat aan haar 'n toekenning vir haar bydrae tot die swart rolprentbedryf in Suidelike Afrika gegee het.

Haar televisierolle wissel van geliefde sepies soos *Egoli* tot klassieke dramas soos Chekov se *The Seagull*. Vir haar rol in Jean Cocteau se *The Human Voice* het Sandra 'n televisietoekenning vir beste toneelspel gewen en die televisieproduksie van Strindberg se *Miss Julie* is in die meeste Europese lande gewys, maar in 1992 besluit Sandra om haar televisieloopbaan uit te brei. Sy begin om internasionale filmfeeste te dek en onderhoude vir televisie met internasionale sterre soos Tom Selleck, John Malkovich, Brian de Palma, Ridley Scott, Helena Bonham Carter en Liv Ullman te voer.

Sandra het tans haar eie televisiegeselsprogram op kykNET waarin sy onderhoude met bekende Suid-Afrikaners voer.

BEÁTE OPPERMAN

Beáte Opperman is sedert haar skooldae by Linden Hoërskool betrokke by die uitvoerende kunste. Sy

ontvang 'n prys as die kreatiefste leerder in Spraak en Drama vir vier agtereenvolgende jare asook verskeie diplomas en goue medaljes vir toneelspel by die jaarlikse Roodepoort en Randburg Eistedfods. Sy word ook aangewys as beste groepsimproviseerder landswyd.

Sy gaan studeer BA Drama by die Universiteit van Pretoria waar sy in heelwat produksies speel, soos die vroulike hoofrol vir die TUKS-produksie, *Read(H)er Theory*, wat in 2006 by die Grahamstad-fees opgevoer word.

Sy speel ook Rykie in Paul Eilers se hoogaangeskrewe rolprent *Roepman*, waarna sy Martha McLachlan in Eilers se *Verraaiers* speel. Sy is ook betrokke by *Free State* met Sallas de Jager as die regisseur. In 2016 speel sy Sonja, die vroulike hoofrol in die komedie *Jonathan*, ook onder die regie van Sallas de Jager. Haar televisiekrediete sluit in: *The Docket*, *Egoli*, *Donkerland*, die stem van een van die hoofkarakters in die SABC3 se animasieproduksie *Systraat*, asook die vroulike hoofrol Yolandie Bester in die kykNET dramakomedie *Buurtwag*. Sy is ook mede-aanbieder van die reisreeks *Sleep TV* en *Kampkos*, wat vir vier seisoene op die kassie was.

JOHANNES JORDAAN

Johannes Jordaan (6) maak sy rolprentdebuut in *Die Verhaal van Racheltjie de Beer*.

Hierdie Graad R-leerder is 'n ekstrovert wat vreugde bring waar hy ookal gaan en met wie hy ookal in kontak kom. Hy is nie skugter voor die kamera nie want hy het reeds in drie internasionale advertensieveldtogte en as 'n ekstra in 'n internasionale rolprent opgetree.

SLOTTITELS

ROLVERDELING

Herman de Beer

Sara Lundt

George Lundt

Jacoba Lundt

Racheltjie de Beer

Lazarus

Kingsley

Marie de Beer

Jamie de Beer

Klein Racheltjie de Beer

Stian Bam

Antoinette Louw

Marius Weyers

Sandra Prinsloo

Zonika de Vries

Seputla Sebogodi

Charlie Bouguenon

Beáte Opperman

Johannes Jordaan

Marli de Jager